31 MAART 2020
HERDERSBRIEF #17

Geliefde Gemeente,

Daar is ‘n verskil tussen alleenheid en eensaamheid. Daarom is die inperking nie bedoel, om ons te vereensaam nie.

God in Sy soewereine wil, laat dit toe, dat ons ‘n bietjie eenkant kom: om alleen met Hom te verkeer; om terwyl ons alleen met Hom is, stil te word; te stop om te hardloop en ‘n gejaagde pas te handhaaf. Ons moet leer om in hierdie ***“stilte”*** te hoor wat die Heilige Gees vir ons sê. Die ***stilte*** en die ***alleen*** is bedoel, dat ons sal ophou om in eie krag te funksioneer. Dit roep in herinnering die koutjie waar hamsters ‘n trapmeul – sonder rigting – besonder vermoeiend aanhoudend trap, en nog steeds op een plek stilstaan.

Die tweede waarheid is, dat die ware Kerk nie in ‘n gebou – soos onder ‘n maatemmer – verberg sal wees nie. God het gewil dat ons uit die kerk-kompleks uitgekom het, dat ons tot ‘n groot mate in ons huise gedesentraliseerd is, en dat ons getoets word of ons in ons huise ***“waarlik kerk”*** is. Daarom hierdie herdersbriewe. Mag elkeen die wysheid en genade ontvang, om elke brief met erns te bejeën en te bestudeer. Die Kerk is dus geroep om hom- en haarself te beoordeel, want elkeen van ons is veronderstel om Kerk te wees. Ek onthou die tye op die plaas. Al die lampe en kerse was nie in een vertrek nie, maar was versprei en het in verskeie vertrekke **die duisternis teëgestaan**. Ek is so bly en dankbaar dat die Kerk nie geroep is as ‘n ***“makro-beweging”***, wie gesentraliseerd – in baie gevalle – nie soos ***1 Kor. 14:26*** funksioneer nie.

Die senior-lede van ons bediening sal weet, dat dit nog altyd ons visie was, dat die verskillende stamme van Israel rondom die Tent Tabernakel geposisioneer was. Elke huisgesin is geroep om God se gemeente te wees. Elke vader en moeder is geroep om God se dissipelmakers te wees. Alle kinders is geroep om dissipels van Christus te wees.

My gebed is dat in hierdie tyd van inperking, ons gemeente van Christus – in ons huise – sal wees.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Dan is daar die perspektief om te verstaan, ek het ook 'n **binnekamer** – ***Mattheus 6*** – waarvan die deur daagliks **gesluit** word, en ek alleen voor God in gesprek en in gemeenskap sal wees. Dat ek, as gevolg van genoemde gesprek en gemeenskap, buite die **binnekamer** deur God, vergeld sal word. Lees tog asseblief ***Mattheus 6***. Dit dui op 'n **gebruiklike bidplek,** en dit is dan ook hoe die Nuwe Testamentiese gelowiges volgens ***Hand. 16:13*** gefunksioneer het. Mag hierdie gebruiklike bidplek in elke huis herleef. Mag elke huis 'n **"gebruiklike bidplek"** wees.

IS JOU BINNEKAMER 'N GEBRUIKLIKE BIDPLEK?

Liefde vir elkeen, en gee vir die kleuters 'n drukkie.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

Ns. Ons moet ***Efesiërs 5*** leef.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

*15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA*
*+27 12 543 0333*
*+27 12 567 7010*
*forum@ekdgenesis.com*
www *ekdgenesis.com*
*EKDGENESIS NPO1811131335*